

**Skriflesing:** 2 Petrus 3:1-14Teks: **2 Petrus 3:6-7****Sing- (Voorsang Ps. 18. 1, 4) Tydens erediens Ps. 92:1,3; Ps. 48:4,5; Ps. 98:2; Ps. 98:1,4**  
**2 Petrus 3:1-14****2Pe 3:1** Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan julle skrywe. In albei wil ek deur herinnering julle suiwere gesindheid opwek,**2Pe 3:2** sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser.**2Pe 3:3** Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel**2Pe 3:4** en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.**2Pe 3:5** Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God,**2Pe 3:6** waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het.**2Pe 3:7** Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.**2Pe 3:8** Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.**2Pe 3:9** Die Here verdraag nie die belofte soos sommige dit verdraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.**2Pe 3:10** Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.**2Pe 3:11** Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? —**2Pe 3:12** julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.**2Pe 3:13** Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.**2Pe 3:14** Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.**Skriflesing:** 2 Petrus 3:1-14Teks: **2 Petrus 3:6-7****Sing- (Voorsang Ps. 18. 1, 4) Tydens erediens Ps. 92:1,3; Ps. 48:4,5; Ps. 98:2; Ps. 98:1,4**  
Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wêreldwyd is daar 'n diepe besorgdheid oor wat in die

skepping en sekerlik ook oor ons omgewing aan die gang is, ook as daar ekologies daarna

gekyk word. Baie geleerdes toon grondliggend aan dat dit nie goed gaan met hierdie planeet aarde waarop ons lewe nie. Ons noem maar weer die dinge. Die osoonlaag wat ons teen die

gevaarlike strale van die son moet beskerm is besig om al dunner te word. Die aarde word al warmer. Op die pole is die ys besig om al vinniger en meer te smelt. Die watervlakke van die

oseane styg. Die mens is inderdaad vanweë sy magsug, sy eersug, sy hebsug, sy genotsug

besig om die ganse skepping onder al hoe groter druk te plaas. Die vernietiging van die

omgewing en die natuur met die gedagte dat elke mens moet kan eet, daar moet vir elke mens vars water wees. Sal daar oor 50 jaar voldoende kos en vars water wees vir al die

aardbewoners?! Dan het ons nog nie eers gepraat oor watter groot vullis probleem daar op

die grond en in die lug plaasvind nie. Die vullisprobleem hier in Postmasburg is somer op die oog af baie groot... Die uitbuiting en besoedeling van die biosfeer, die atmosfeer en die hidrosfeer, so sal die geleerdes aan ons verduidelik neem skrikwekkend toe. Ons kan moeilik verduidelik die skade en die minagting wat die mens al hier aangerig het. Ons sou kon aanhou en aanhou om die myne, die industrieë, die landbousektor te vermaan en daarop te wil wys daar is net een planeet aarde. Maak hom al vuiler en vuiler met wat die mens daaruit wil haal terwyl God spesifiek aan die mens die opdrag gegee het om die skepping te bewoon, te bewerk en te bewaar.

\*\*\*

In ons beheersing moet ons dit bewakend kan doen. Die woord *bewaak* of spesifiek dan die woord *bewaar* kom dwarsdeur die Bybel voor. *Bewaar* kom amper 200X voor, *bewaak* kom amper 50X voor. Wanneer ons die Woord van die Here dan vandag hier rondom oopmaak dan word daar ook op 'n besondere manier na hierdie bewaring verwys. Die hemel en die aarde en ons wêreld word bewaar. Maar luister weer mooi na vers 7 - *7 Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.* In die nuwe 2016 Bybel-Direkte vertaling lees ons ... *die huidige hemel en aarde word deur dieselfde woord vir vuur opsy gesit, dit word bewaar vir die oordeelsdag en die vernietiging van die goddelose mense.*

\*\*\*

Dit wat hier staan is iets wonderlik, dis heerlik, maar tegelyk ook angswekkend. Een kant vul dit ons met troos, die feit dat God Self spesifiek by hierdie bewaring betrokke is, maar aan die ander kant is hier iets geweldig wat hier in gedagte gehou moet word. As ons lees vir watter doel God die huidige hemel en aarde bewaar, dan is dit met huiwering en ang wat ons lees, God het die huidige hemel en aarde opsy gesit, (they are kept in store...is hoe van die Engelse dit vertaal) dat die vuur van die oordeelsdag eendag sy werk sal kan doen... *dit word bewaar vir die oordeelsdag en die vernietiging van die goddelose mense.*

Wanneer ons 2 Petrus 3 bietjie in sy wyer konteks lees dan het Petrus in die vorige hoofstuk al gewys op die korrupsie van die valse profete. Petrus doen dit alles op 'n wyse en deur woorde wat lewend is, dit is sterk uitdrukkinge wat hy gebruik. In ons gelese hoofstuk praat Petrus dan in hoofsaak met mense naby hom, hy noem hulle *sy geliefdes... 1 Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan julle skrywe...*

\*\*\*

Ons moet raaksien dat die ekologiese krisis waarbinne ons lewe, selfs die tyd waarbinne die aarde en alles daarop onder al hoe groter druk gaan kom, is daar nog bo-dit alles die spotters en mense wat ons wil verwar wat oor God se teenwoordigheid en die wyse waarop God sy skepping onderhou en regeer, alles bevraagteken... hoe baie is daarop uit om ander te verwar, selfs die gelowiges. Baie wat sal sê dis outyds om te glo in 'n God wat dag vir dag by sy skepping betrokke is, dag vir dag die lewe daarop inrig, ja wat dag vir dag die lewe onderhou. Dan misbruik hulle die ekologie en die natuur sisteme wat onder druk is om nog verder met die gelowiges te spot.

\*\*\*

Dis hierdie mense wat sê daar gaan nie eendag 'n oordeelsdag wees nie, want alles bly eintlik maar rofweg dieselfde. Wanneer die wederkoms en die dag van oordeel ter sprake kom dan word hulle spot net meer. Die groot argument waarmee mense ons wil verwar is om te verkondig dat die skepping sy ontstaan aan homself te danke het en dat alles eintlik maar bly soos dit was. Hulle gebruik in 'n sekere sin die geskiedenis en die krisis rondom ons as die ruggraat van hulle argumente. Daar is geen God by betrokke nie, daar is geen God wat by die skepping inmeng nie. Ja, sal hierdie mense sê kyk wat rondom jou aangaan, werk met die feite, met die dinge waarmee jy met jou oë kan rekening hou, dan praat ons weer. So is die verwarring soos 'n kanker wat al dieper en dieper kan invreet.

\*\*\*

Nou gaan Petrus baie interessant te werk. Hy vat ons as't ware op 'n reis deur die Ou Testament. Sy geliefdes en die spotters moet saam luister. Hulle wat ongelowig spot met wat God doen, kom maar weer terug na die begin van God se Woord. Die eerste bladsye van die Bybel waar die skepping van God pertinent ter sprake kom. Hoe het die wêreld ontstaan. Daar was 'n aarde *wat uit water en deur water ontstaan het* (v5). Ons kan dit ook vertaal die aarde was uit die water gevorm en het deur hierdie water ontstaan. Water vorm die groot saak. Water wat nog altyd so belangrik was, tot vandag is dit nog só. God se Woord was van die begin af direk by die water betrokke... Bó die water staan God se Woord! Water en die woord wat met mekaar in aanraking kom is nie sommer 'n drogredenasie, iets van 'n stuk toevaligheid wat gebeur het nie. By elke doop bely ons baie duidelik ook die Woord en water se kom bymekaar, se aanraking met mekaar, iets van die één word met mekaar, maar alleen op grond van die Woord, Hy wat Jesus Christus is.

\*\*\*

As Petrus hierdie dinge verduidelik wat hy deur die Heilige Gees tot ons kan spreek, dan weet ons die Gees was die Een wat nog vóór die skepping waarlik in lewe gekom het, waar

water en grond en klip reeds bestaan het, het die Heilige Gees op die waters, wat alles bedek het, gesweef (Gen 1:2). Die water bedek alles op die grond, maar bó die water is weer God deur sy Heilige Gees wat alles bedek. God se skepping begin deur skeiding te maak. Waar alles net onder water was, het 'n deel van die water onder die aarde moes bly en 'n ander deel moes bo die aarde, die ruimtes, die lug in verplaas word. Ons kan daarom letterlik praat van twee watermassas wat ontstaan het.

\*\*\*

Hierdie twee watermassas moet uitmekaargehou word en dit doen God weer deur Jesus Christus, Hy wat die Woord van God is, van die begin af. Jesus Christus as die Seun van God maar ook die ewige Woord van God was van die begin af, ten volle by die skepping betrek, soos ons reeds gesien het die Heilige Gees ten volle bó alles betrek was. Hy bó alles gesweef het. Gen. 1 en Johannes 1 sluit hierby baie nou bymekaar aan.

\*\*\*

Daarna het die sondvloed gekom. Die sondvloed is eintlik niks anders as die verwydering van God se Woord tussen die twee watermassas nie. Die Woord, Jesus Christus waarmee God geskep het, God het geskep deur te sê- ... hierdie Woord wat gesê is, is Christus. Hy die skeppingsmiddelaar, die middel tussen woord en water, tussen die water daarbo en die water hieronder. As daar van die sondvloed in daardie 40 dae en nagte sprake kom, wat eintlik beter genoem kan word die Christus vloed, want Christus wat die skeiding tussen die twee watermassas was, is weggeneem. Hy het Hom onttrek. So, het die waters weer oor die skepping losgebreek, soos wat dit eintlik maar was in Gen. 1 vers 2, behalwe die onheil en vrektes en dood wat nou met die water gemeng geraak het, want die mens wat in sy sonde reeds verdrink het, verdrink nou in die water waarmee die mens in sy sonde ingesluk kon word. Alles verdrink, selfs die diere wat op die land kon lewe, kon nie meer lewe nie, dit vanweë die mens in sy sonde. Hierdie groot tsoenami, die eerste wat ons van weet, dit was die groot vloed oor die aarde. God het deur die watermassa geskep, daarbinne en daartussen skeiding gemaak, maar God het ook deur water geoordeel. God het met die sondvloed die skeiding weggeneem. Hy het Christus tussen die twee groot watermassas weggeneem ...

Soos ons oor die water die gedagtes saam met Petrus laat gaan, moet ons ons gedagtes in dieselfde lyn hou, nou net in vuur-terme. Vuur, brandende vuur, wat die laaste oordeel op aarde sal wees.

Niemand sal kan verskil nie, ons het vuur onder ons en bó ons. Die aarde onder ons, diep binnekant die aarde is dit eintlik een groot vuurbal, wat soms soos uit klein venstertjies ons herinner aan die vuur onder ons as die berge vuur begin uitspuit, lawa strome met die verskriklikste van hitte en alles daarmee saam op die aardkors begin afstroom. Vuur wat verskriklike dinge kan doen. Dit wat ons in Genesis 19 lees herinner nie net aan vuur wat uit die hemel gekom het nie, maar kan ons aanvaar daar ook 'n groot aardbewing was wat swaeldamp uit die aarde vrygestel het. Die gasse van hierdie verskriklike vure hierbinne die aarde is nie iets om mee te speel nie. Sodom en Gomorra met die verskriklike sondes wat daar plaasgevind het, is eintlik vir ons 'n profetiese heenwysing na wat eendag die einde van die geskiedenis en hierdie aarde gaan wees.

Wanneer ons 2 Petrus 3 in sy verband begin plaas, sien ons dit wat Petrus oor die water gesê het, praat hy dan spesifiek ook oor die vuur heen. Hier is 'n duidelike driedimensionele wêreldbeeld maar ook baie meer as net 'n wêreldbeeld. Dit gaan weereens oor die Woord van God, maar dan gebind aan vuur en aan die mens. Drie kante, drie partye, drie gebeure waarmee duidelik rekening gehou sal moet word. Die Woord, die vuur, die mens... luister weer na ons teksverse in die 2016 vertaling- *die huidige hemel en aarde word deur dieselfde woord vir vuur opsy gesit, dit word bewaar vir die oordeelsdag en die vernietiging van die goddelose mense.*

\*\*\*

Ons kan nie anders as om dit raak te sien, soos daar twee groot watermassas ter sprake gekom het, so moet ons in ons lewe van elke dag met twee groot vuurmassas rekening hou. God die Skepper in Christus hou die vuur bó ons, waarvan die weerligte ook flitse van is en die gedreun van donder alles herinneringe is aan die vuur buite ons beheer, die son, een groot bal vuur, die son in die sentrum van heelwat planete, ons ingesluit...

Hierdie vuur bó ons vuurmaakplek, of as ons dan geografies meer korrek daarna verwys, die vuur buite ons bane van lewe en die vuur hier onder ons, word deur Christus nog van mekaar geskeie gehou. Soos met die water gebeur dit ook met die vuur, die Woord Christus hou die vure geskeie. Dis waarom ons vandag nog kan lewe, dis waarom die lewe nog kan aangaan, met al die ekologiese en besoedeling vrae nie van die tafel gevee nie, beslis nie! Dis baie belangrik om daarna te kyk, daarna om te sien, dit op te pas, solank dit God behaag om die twee groot vuurmassas nog in Christus uitmekaar te hou. Eendag gaan daar 'n einde aan die

skeiding van die vuurmassas kom soos met die sondvloed die skeiding tussen watermassas skielik weggeval het.

\*\*\*

Wanneer ons betrokke moet raak by al die baie probleme, ook die rondom besoedeling en vroeë oor die aarde, die ekologie, die weerstelsels, die laagdruk sisteme, wat ook al in die oseane en op die pole van die aarde aan die gang is, moet nie vergeet dat ons wat so bekommerd moet wees oor die voortbestaan van die aarde, ons lewe eintlik op 'n vulkaan. Ons lewe op 'n aarde wat reeds veroordeel is. God bedwing nog die vuur. As ons in Petrus verder lees, word daar van God se geduld en God se lankmoedigheid in besonder melding gemaak. God wil nie dat die skeiding, Jesus Christus, Hy ook die skeiding tussen die groot vure weggeneem word voordat nie almal wat hulle moet bekeer tot bekering gekom het nie- v.9: *9 Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.* Hoe lank God nog hierdie geduld gaan hê, dit weet ons nie, God wat met miljoene jare kan werk, asof hulle enkele sekondes is en sekondes wat weer mag weergalm en ja dit galm terug as miljoene op God se horlosie, wat nie ons horlosie is nie- dit sê vers 8 tog ook: *8 Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.*

Wanneer ons hierdie groot dinge gehoor het, baie getalle, groot vuurmassas, alles in dreigende afwagting op mekaar, waar pas u en ek dan in, tussen die groot vure. Daarnet-net een plek waar ons kan inpas ... Kom by Hom uit, Christus, wat weet wie jy is! Hy wat die skeiding kan maak, wat nie van jou afgeskeie wil lewe nie. Ons mag God se skepping nie opmors nie, al het ons geen beheer tussen die groot vure nie, maar tussen die heinings van u plaasdrade, of tussen die mure of die grense van ons land en van ons gemeenskappe en van ons huise moet daar skoongemaak word en hou dit skoon. Sien u verantwoordelikheid ekologies raak want daarvoor sal ons eendag tussen en na die groot vure rekenskap moet kan gee.

Na die groot vure en daarmee sluit ek dan met vers 11-13 af- *11 Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — 12 julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. 13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.* Hier is 'n tweevoudige bewaring. Ons het 'n

erfenis wat in die hemel vir ons bewaar word maar ons word ook op hierdie aarde vir die erfenis bewaar. Kyk daarom na jou lewenswandel, jou gedrag, jou gesondheid elke dag. Sien werklik uit na die nuwe hemel en die nuwe aarde wat gaan kom. Ons moet daarna verlang dat Christus gou mag kom. Ons moet toeneem in die genade kennis van ons Here Jesus Christus.

Sien raak wat Christus op hierdie oomblikke vir ons doen. Ons dra nie die verantwoordelikheid om nou nog die groot vure uitmekaar te hou nie, dit doen God, maar sien wel raak, wat jou verantwoordelikheid is, in jou gesin, jou huwelik, jou skole, jou gemeenskap, jou strate, jou dorpe, die plase ja erosieslote en stukkende uitlaatpype wat ons kan heel, moet ons heel. Maak die aarde minder stukkend, al is die aarde nie ons moeder nie, die Kerk is dit wel ... en die kerk is op hierdie aarde net tydelik soos die aarde net tydelik gaan wees, dit tot die ewige heerskappy van God aanbreek en daar geen kerk meer sal wees nie, op slot van sake lees ons duidelik in Openbaring *want God is sy kerk en die Lam is haar tempel.*

AMEN